Name


# Die dapper vissie



Dit was een van die koudste winternagte. Diep in die oseaan het 'n bejaarde vis haar 11 000 kinders en kleinkinders byeengeroep om vir hulle 'n storie te vertel. Die storie het so geklink.

Lank, lank gelede het 'n dapper vissie met sy mamma in 'n hoë bergstroom gewoon. Die vissie was sy mamma se enigste kind. Hy en sy mamma het die elke dag in sirkels geswem.

Toe het die vissie begin dink. Hy het al dieper en dieper begin nadink terwyl op dieselfde vervelige paadjie agter sy mamma aangeswem het. Sy mamma het begin wonder wat met haar kind skort. Sy het gedink dat hy dalk siek is.



Vroeg een oggend, voor sonsopkoms, het die vissie sy mamma wakker gemaak en gesê: "Mamma, ek wil graag met jou praat."

"Ag nee, my kind," het die mamma slaperig gesê, "dis te vroeg om te praat. Kom ons praat later en gaan eers swem."

"Nee, mamma! Ek wil nie meer gaan swem nie. Ek wil weggaan."

"Weggaan? Wat bedoel jy jy wil weggaan?"

"Mamma, ek wil gaan kyk waar die stroom ophou en wat anderkant die berge lê. Ek wonder nou al dae lank daaroor."

LIVEWORKSHEETS

Die mamma lag net en sê: "Toe ek jou ouderdom was, het ek ook sulke gedagtes gehad. Maar my kind, 'n stroom het geen begin en geen einde nie. Die stroom vloei net en gaan nêrens heen nie."

"Maar mamma, is dit nie waar dat alles 'n einde het nie? Die dae, nagte, weke, maande en selfs jare?"






"Vergeet nou hierdie onsin," onderbreek sy mamma hom. "Kom ons gaan swem."

"Nee, mamma, ek is moeg daarvoor om in sirkels te swem. Ek wil die wêreld gaan verken. Ek wil sien wat op ander plekke gebeur. Ek wil nie die res van my lewe hier al in die rondte swem nie. Ek wil kyk of daar 'n ander manier is om te leef. Nadat ek dit gaan uitvind het, sal ek terugkom en jou daarvan vertel."





Die vissie se mamma was baie ontsteld. "My kind, wat is dan fout met jou? Alles wat jy nodig het, is hier. Die wêreld wat jy soek, is hier!"

Op daardie oomblik swem 'n skool visse verby. Die oudste vis vra vir hulle: "Waaroor argumenteer julle?"

Die vissie se mamma sê vir hulle dat haar kind die stroom wil verlaat om te kyk wat anderkant die berge lê. Al die visse, jonk en oud, dink dat die vissie laf is. Maar die vissie wil nie sy drome prysgee nie.

Die mammavis is bang om haar kind se onthalwe. Sy sê: "My kind, ek verstaan dat jy wil gaan kyk wat anderkant die berge lê. Ek ken niemand wat nog ooit hierdie stroom verlaat het nie, maar ek kan jou net alles van die beste toewens en hoop dat jy eendag sal terugkom."

Die mammavis groet haar enigste kind baie hartseer, en hy vertrek op sy avontuur.

LIVEWORKSHEETS

Nommer die volgende sinne in die regte volg orde volgens die storie.

| | |
|---|---|
| | Hy het vir sy mamma gesê dat hy die wêreld wil gaan verken. |
| | Dit was 'n baie koue nag en die vissie het oor sy toekoms nagedink. |
| | Die vissie het in kringe geswem en hy was baie verveeld. |
| | Sy mamma het vir die ander visse gesê dat haar kind wil weggaan omdat hy nie gelukkig is in die stroom nie. |
| | Alhoewel sy mamma hom nie wou laat gaan nie, het sy hom tog laat gaan. |

Beantwoord die volgende vrae oor die storie

1. Dink jy die vissie het dit geniet om saam met sy mamma in die stroompie te swem? Gee redes vir jou antwoord.

2. Waarom wou die vissie met sy mamma praat?

3. Dink jy die vissie het die regte dinge gedoen om die stroom te verlaat? Waarom dink jy so?

4. Die Titel van die stodie „Die dapper vissie“ dink jy dit is die regte titel en waarom?

5. Kyk nou na die vissie se besluit om die stroom te verlaat en skryf al die voor en nadele neer.

LIVEWORKSHEETS

| Voordele | Nadele |
| --- | --- |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |



LIVEWORKSHEETS